Die oordeelsdag

Ons het die vorige keer gehoor dat alle grafte by die wederkoms van Christus sal oopgaan. Dan sal Hy elkeen kom oordeel: “Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word” (Rom 14:10; ook 2 Kor 5:10).

Dag van vuur en gerig

“Die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik” (Joël 2:11). Dit is geweldig. ’n Dag van katastrofes waarin die ganse skepping tot in sy fondamente geskud word (Openb 6:12 e.v.; Hand 2:20; Matt 24:29). “Want kyk, die dag kom, en dit brand soos ’n oond. Dan sal die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, ’n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek ...” (Mal 4:1). “Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers” (Mal 3:2). Op die dag van die Here “sal die hemele met gedruis verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand” (2 Petr 3:10). Dit is die dag waarop die wêreld waarin ons nou lewe, die straf van die ewige vuur ondergaan (Judas 1:7; 2 Tess 1:8).

Wat sal met ons mense gebeur as God se toorn oor hierdie wêreld ontvlam? Dit sal wees die dag van afrekening. Christus is die Voltrekker van God se oordeel. Die Vader het die hele oordeel aan sy Seun opgedra (Joh 5:22; 9:39). Niemand sal dit kan ontvlug nie. Niemand sal kan sê dat hy nie geweet het hy mag nie sus of so maak nie. Niemand sal enige verontskuldiging kan hê nie (Rom 1:20). Elkeen sal van sy woorde en dade moet rekenskap gee. God self sal elkeen se lewe as ‘t ware soos ’n boek voor hom ontvou. Wat ons al vergeet het, is nog by God bekend. Soos op ’n film en bandmasjien sal ons alles sien en hoor en as ons eie sondes en ongeregtighede herken (Dan 7:10; Openb 20:10; Mal 3:16). Op daardie dag verskyn alle mense ook die engele - voor die regterstoel van Christus (Judas 1:16; 2 Petr 2:4).

Maatstaf by (be)oordeling

Christus sal nie op die dag kyk of ons goeie werk meer is of swaarder weeg as ons slegte dade nie. Die toets sal wees of die mense van harte geglo het en glo in Jesus Christus. ’n Geloof wat ook in hulle werke bevestiging gevind het. Dit sal die uitspraak bepaal.

Vir die duiwel, die gevalle engele en die ongelowige mense is die ewige vuur voorberei sodat hulle vir ewig, bewustelik daarin gepynig sal word! (Matt 25:41, 46; Mark 9:44; Openb 21:8). So sal God Hom op die goddelose wreek. Die dood en hel, die duiwels en Satan word hiermee finaal gestraf en verdoem (Openb 20:14; 1 Kor 15:26, 54). Dit sal die finale, sigbare en openbare verwerping wees van God se vyande wat ook ons vyande is (HK V/ A 52).

Die uitverkorenes

Vir u, my en God se uitverkorenes geld die woord: “God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur ons Here Jesus Christus”. Net so ontsettend en skrikwekkend as wat die dag vir die goddelose mense is, so begeerlik en troosvol is dit vir die uitverkorenes van God (NGB, art. 37).

Dieselfde Christus wat nou ons Advokaat in die hemel by die Vader is - wat vir ons intree en vir ons pleit in sy Naam - is dan ons Regter! Wie kan dan bang wees as jou Regter en Advokaat dieselfde Persoon is! (Rom 8:31 e.v.). Al die name van God se kinders is in die Boek van die lewe opgeskryf (Openb 20:12). Hulle sal almal vrygespreek word, want aan hulle is dit gegee om te glo in Jesus Christus, om van harte oor sonde en ongeregtigheid berou te hê en om deur die krag van die Heilige Gees gehoorsaam aan sy wet en evangelie te lewe.

Golgota en doel van alles

Vir die gelowiges sal die kruisiging van Christus op Golgota dan van onskatbare betekenis en blydskap wees. Daar het Christus reeds die toorn van God in ons plek gedra, sodat ons dan by die eindoordeel in die openbaar en openlik die volle saligheid kan ontvang. Dan ontvang ons in die openbaar die volle heerlikheid met ’n verenigde siel en liggaam, ewig en onverganklik.

So rig Christus finaal weer die koninkryk van God op. Daarom kan Hy dit dan aan sy Vader oorgee as Hy alle heerskappy en mag vernietig het (1 Kor 15:24). Hy wil dat elke tong sal bely dat Hy die Here is, dit wil sê: elkeen (gelowige of ongelowige) sal moet erken dat Jesus Here en Koning is. Hy regeer! (Filip 2:9-11). God is dan weer alles en in almal. “Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid” (Rom 11:36).

Andries du Plooy.

© 2016
www.christelikemedia.org